- Het sy eie regspersoon onafhanklik van sy lede.
- Kapitaal word verkry deur stigters/lede (Promotors) wat aandele koop.
- Die aandele is nie vrylik verhandelbaar nie.
- Winste word in die vorm van dividende uitgegee en dit hang van die hoeveelheid en soort aandele af wat 'n aandeelhouer besit.
- Het voortbestaan. Ontbind slegs met likwidasië
- Dit is nie nodig dat boeke geoudit hoef te word nie.
- Dit is nie nodig dat 'n balansstaat opgestel moet word nie (tog is dit beter om dit te doen)
- As 'n regspersoon betaal die onderneming inkomstebelasting op die winste. Die aandeelhouders betaal belasting op hulle deel van die wins. Sekere dividende word van belasting vrygestel soos wat die Minister van Finansies jaarliks aandui.

MAKS.10

- **VOORDELE**

- Die aanspreeklikheid van aandeelhouders is beperk. Hulle is slegs verantwoordelik vir die bedrag van hulle aandelekapitaal. √√
- Dit is nie nodig dat jaarvergaderings gehou moet word nie.
- Veral geskik vir ondernemings waar geheimhouding belangrik is.
- Kan met besigheid begin nadat die mpy. geregistreer is. (Wanneer 'n Sertifikaat van Inlywing verkry is).
- Geskik vir entrepreneurs met beperkte kapitaal.
- Aandeelhouders kan tot 50 wees dus kan genoeg kapitaal verkry word.
- Geskik vir families met kundigheid

- Het sy eie regs persoon

MAKS.10

- **NADELE**

- Kapitaal is slegs tot 50 lede beperk. Mag nie die publiek uitnooi om aandele te koop nie. √√
- Aandele is nie vrylik verhandelbaar nie.
- Die mpy. betaal belasting op winste en die aandeelhouers op hulle dividende (dubbele belasting).
- Indien 'n private mpy. te groot raak is dit beter dat 'n publieke mpy. gestig word.
- Daar kan bestuursprobleme ontstaan a.g.v. beperkte ledetal.
- Registrasie is duur en neem tyd.
- Dit is moeilik om 'n private mpy. te registreer.

MAKS. 8

- **DOKUMENTE WAT INGEDIEN MOET WORD.**

- Die promotors moet die volgende dokumente by die Registrateur van Maatskappye indien.
 - Oorspronklike Akte en twee gesertifiseerde afskrifte √√
 - Oorspronklike Statuut en twee gesertifiseerde afskrifte.
 - Adres posadres van die geregistreerde kantoor.
 - Bewys van betaling van registrasiegelde
 - Bewys dat jaarbelasting betaal is
 - Geskrewe verklaring van elke direkteur om as sodanig op te tree.
 - Lys van direkteure
- Indien die registrateur tevrede is sal hy/sy 'n Sertifikaat van Inlywing uitreik.

MAKS.

10

GEVOLGTREKING

Leeders se eie mening en enige relevante opmerking. √√

MAKS. 2

FEITE:

40

MAKSIMUM**NB: MOENIE PUNTE TOEKEN VIR FEITE WAT HERHAAL WORD NIE.**

INSIG**Struktuur / Uitleg:**

* inleiding ,bespreking en gevolgtrekking 2

Analise en Interpretasie :

* leerders se vermoë om die vraag op te breek en te verstaan
wat gevra is 2

Syntesis :

* relevante inligting wat in die antwoord ingesluit is
voordele bo ander ondernemingsvorme 4

Oorspronklikheid:

* kandidate se aanbeveling en redenasie 2
10

OPBREEK VAN VRAAG

| | |
|----------------------------------|-----------------|
| Identifikasie | Maks 2 punte |
| Inleiding | Maks 4 punte |
| Kenmerke | Maks 10 punte |
| Aanbeveling : | |
| * voordele | Maks 10 punte |
| * nadele | Maks 8 punte |
| Dokumente wat ingedien moet word | Maks 10 punte |
| Gevolgtrekking | Maks 2 punte |
| MAKSIMUM | 40 PUNTE |

| | |
|--------|----|
| FEITE | 40 |
| INSIG | 10 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 3 : FINANSIËLE FUNKSIE**Lesing oor vaste- en bedryskapitaal****Inleiding**
Kapitaal

- Kapitaal is koopkrag in die vorm van kontant wat aangewend word om produksiemiddele aan te koop bv. grond en geboue, voorraad. √√
- Kapitaal word gevorm deur meer te produseer as wat gebruik gaan word en d.m.v. besparing.
- Enige ander relevante antwoord. **MAKS.4**

KAPITAALVEREISTES VAN 'N ONDERNEMING

- **VASTE KAPITAAL**
 - Daardie deel van totale kapitaal wat in vaste bates belê word soos grond en geboue, toerusting en voertuie √√

MAKS. 2**BRONNE VAN VASTE KAPITAAL**

- Kan vaste kapitaal op die **kapitaalmark** verkry op die langtermyn √√
- Verkoop van aandele √√
- Uitreiking van skuldbriewe
- Langtermynlenings (Verbandlening)
- Reserwefonds

MAKS. 8
(vol
sinne)**FAKTORE WAT VASTE KAPITAALBEHOEFTE BEPAAL**

- **Aard van die onderneming** √
Die aard bepaal die vaste kapitaalbehoefte. Byvoorbeeld sal 'n bloemiste minder vaste kapitaal benodig as 'n fabriek wat voertuie vervaardig. √√
- **Grootte van die onderneming**
Hoe groter die onderneming, hoe groter die behoefte aan vaste kapitaal.
- **Ontwikkelingstadium**
Die behoefte aan vaste kapitaal van 'n nuwe onderneming is groter as die onderneming wat reeds gevestig is.

MAKS. 9

- **BEDRYSKAPITAAL**

- Daardie deel van totale kapitaal wat gebruik word om lopende uitgawes soos die aankoop van voorraad, krediet toe te staan, ens. √√
- Dit is likied en verander daagliks. **MAKS. 2**

BRONNE VAN BEDRYFSKAPITAAL

- **Geld - / kredietmark** voorsien lenings op die korttermyn √√
- Krediet deur verskaffers toegestaan (Leweransiers krediet) √
'n Vorm van bedryfskapitaal waar geen kapitaal uitvloei nie. √
Geen sekuriteit word vereis nie.
- Oortrokke bankrekening
Gerieflike wyse om bedryfskapitaal te bekom.
Reël met die bank om meer geld te onttrek as wat in die tjekrekening is.
Banke kan a.g.v. ekonomiese toestande die fasiliteit inkort, wat die besigheid nadelig kan raak. (Sekuriteit word vereis)
- Korttemynlenings
Sekuriteit word vereis.
Word oor 'n vagestelde termyn (maksimum 5 jaar) terugbetaal.
- Handelwissels / promesses
Hierdie bedryfsbate kan aan finansiële instellings verkoop (verdiskonteer) word wanneer bedryfskapitaal benodig word.
- Bankaksepte
Wanneer fonds benodig word om bv. voorraad aan te koop, kan daar met 'n bank gereël word dat die verskaffer 'n wissel op die bank trek en dit dan verdiskonteer.
Die bank stel sy eie kredietwaardigheid beskikbaar tot voordeel van die kliënt.
- Faktorering van debiteure
Verkoop van debiteure se skuld aan 'n faktor (Finansiële instelling)
Die finansiële instelling hou 'n deel van die bedrag (finansieringskoste en rente) en gee die res aan die onderneming.
Op die manier kry die onderneming met een slag 'n groot bedrag geld in plaas daarvan om elke maand 'n klein gedeelte te kry.
Debiteur betaal aan die faktor die geld terug
Voorbeeld: Afbetalingsverkoop-ooreenkomste.
- Pakhuiswitansies
Kan gebruik word as sekuriteit by lenings
- Bruikhuur
In plaas daarvan om 'n groot bedrag geld uit te lê om 'n bate te koop, kan die artikel op 'n huurbasis bekom word.

MAKS. 8

FAKTORE WAT BEDRYFSKAPITAALBEHOEFTE BEPAAL

- **Aard van die onderneming.** √
Bv. 'n myn se behoeftes aan bedryfskapitaal is groter as die van 'n kafee, want 'n myn het bv. meer werkers wat lone moet kry. √√
- **Grootte van die onderneming**
Hoe groter die onderneming, hoe groter is die behoefte aan bedryfskapitaal.
- **Ontwikkelingstadium**
'n Besigheid wat nog besig is om uit te brei, het meer bedryfskapitaal nodig.
- **Produksietydperk**
As die eindproduk lank neem om te voltooi, bv. graanboerdery, word meer bedryfskapitaal benodig.
- **Omsetsnelheid van voorraad**
Hoe vinniger die voorraad in kontant omgesit word, hoe minder bedryfskapitaal word benodig.
Geld kom gouer in waarmee nuwe voorraad gekoop en bedryfsuitgawes mee betaal kan word.
Hoe stadiger die omsetsnelheid, hoe groter is die behoefte aan bedryfskapitaal.
- **Inkoop- en verkoopvoorwaardes**
Indien die onderneming voorraad op krediet aankoop en dit vir kontant verkoop, is die behoefte aan bedryfskapitaal minder.
Wanneer goedere vir kontant aangekoop word en op krediet verkoop word, word meer bedryfskapitaal benodig.
- **Seisoensverbruik**
Fabrikante en handelaars wat goedere verkoop wat seisoensgebonde is, se behoefte aan bedryfskapitaal is groter.
Die fabriek moet deur die jaar aan die gang gehou word, terwyl die goedere net sekere tye van die jaar verkoop word.
- **Seisoensproduksie**
Graangewasse neem redelik lank om verbou te word.
Totdat dit gereed is om geoes te word, is daar uitgawes, bv. lone, brandstof, ens.
Dit verhoog die behoefte aan bedryfskapitaal.

MAKS. 12

GEVOLGTREKKING

Leeders se eie opinie oor die onderwerp-enige aanvaarbare antwoord. √√

MAKS. 2

.....

FEITE: 40

INSIG**Struktuur / Uitleg:**

Ingesluit die inleiding, bespreking en gevolgtrekking 2

Analise / interpretasie / opeenvolging:

Leerders se vermoë om die vraag op te breek en te wys dat hulle die vraag verstaan. 2

Sintese

Relevante inligting in die antwoord 2

Huidige tendense:

Huidige rentekoerse / nuwe bronne van kapitaal / enige ander relevante inligting. 4

10

INDELING VAN DIE VRAAG

| | | VERMINDER TOT |
|-------------------------------------|-----------------|----------------|
| Inleiding | maks 4 punte | 4 MAKS |
| VASTE KAPITAAL | | 18 MAKS |
| Defenise | maks 2 punte | |
| Bronne van Vaste Kapitaal | maks 8 punte | |
| Faktore wat Vaste Kapitaal bepaal | maks 9 punte | |
| BEDRYFSKAPITAAL | | 18 MAKS |
| Defenise | maks 2 punte | |
| Bronne van Bedryfskapitaal | maks 8 punte | |
| Faktore wat Bedryfskapitaal bepaal. | maks 12 punte | |
| Gevolgtrekking | maks 2 punte | 2 MAKS |
| MAKSIMUM | 40 PUNTE | 40 MAKS |

| | |
|--------|----|
| FEITE | 40 |
| INSIG | 10 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 4 : BEMARKINGSFUNKSIE

Die rol van handelsmerke en verpakking in bemarking.

INLEIDINGDit vorm deel van die **PRODUKBELEID / BEMARKING** ens. √√**Maks. 2****Die Verpakking van die produk****Doel:**# om die **produk te beskerm** teen skade wat opgedoen kan word en √√# die **verkope van die produk te bevorder**.**Maks. 4****Die verpakking van die produk moet aan die volgende VEREISTES voldoen:**

- * Dit moet die **oog van die verbruiker** op die winkelrak **vang**. √√
- * Dit moet by die **produk aanpas**.
- * Die moet vir die **doelmark ontwerp word**.
- * Verpakking moet 'n **eie identiteit skep**.
- * Verpakking moet maklik van mededingers se produkte onderskei kan word.
- * Verpakking moet so wees dat dit die **beeld van die onderneming self bevorder**.
- * Verpakking moet **ideaal vir uitstalling** wees en die verbruiker se aandag trek.
- * Verpakking moet **goed ontwerp, sterk, gerieflik en maklik hanteerbaar** wees.
- * Die verpakking moet ook aan die **vereistes** wat die **handelaar** wat dit bemark, daaraan stel, **voldoen**.
- * Verpakking moet ook aan die **keuse** en vereistes van kleinhandelaars voldoen.

Enige 5x2 = Maks. 10Verskillende **VORME** van verpakking

- **Spesialiteitsverpakking**- beklemtoon die duursaamheid of deftigheid van die produk bv. Juweliersware in 'n deftige houer. √√
- **Verpakking vir dubbele gebruik**- die houer word so ontwerp dat dit vir ander doeleindes weer gebruik kan word bv. sap wat in 'n beker verkoop word.
- **Gesamentlike verpakking** –twee of meer verwante produkte word saam verpak bv. 'n hemp en 'n das.
- **Verpakking wat voortdurend wissel (kaleidoskopiese verpakking)**- verpakking wat baie verander om bv. 'n tema te reflekteer.
- **Verpakking vir onmiddellike gebruik** – word ook eenheidsverpakking genoem bv. die verpakking van wegneem-etes.
- **Verpakking vir herverkope (herrangskikking)**.- produkte word so verpak dat die kleinhandelaar dit in kleiner eenhede kan verpak om in die behoeftes van verbruikers te voldoen.

Maks. 4x3=12

DIE HANDELSMERK OF ETIKETERING VAN PRODUKTE.**Die belangrikheid van 'n handelsmerk**

- * 'n Handelsmerk is 'n spesiale merk of teken wat op vervaardigers se produkte voorkom en wat aandui dat dit deur 'n spesifieke vervaardiger vervaardig is. √√
- * 'n Handelsmerk is 'n spesiale merk wat vervaardigers, herverpakkers en soms ook kleinhandelaars op goedere plaas om dit te **onderskei** van soortgelyke goedere van hul mededingers.
- * Die merk word by die Registrateur van Handelsmerke geregistreer en gevolglik mag niemand anders die merk gebruik nie.
- * Die merk dien as waarborg dat die produk uit 'n sekere bron afkomstig is en dat dit beantwoord aan die goeie standaard van die vervaardiger.
- * Wanneer so 'n handelsmerk by die verbruiker inslag vind, dring hy daarop aan, gevolglik word die handelaars verplig om goedere met dié handelsmerk in voorraad te hou.
- * 'n Handelsmerk beskerm die verbruiker sowel as die vervaardiger.
- * Die verbruiker kan die produk identifiseer en verskaf hom sekerheid van die besondere gehalte van die produk.
- * Die verkoper kan op sy beurt die handelsmerk aanwend in sy bemarkingsprogram asook vir die uitstalling daarvan.

ENIGE 5x2=10**Die Vereistes van 'n handelsmerk.**

- Dit moet die voordele en dienswaardes van die produk weerspieël. √√
- Dit moet in 'n gepaste beskrywende taal weergegee word sodat die voodele maklik verstaan kan word.
- Dit moet maklik uitgespreek en onthou kan word.
- Dit moet onderskeidend wees van ander produkte om verwarring te voorkom.
- Dit moet maklik in 'n ander reeks opgeneem kan word.
- Moet maklik registreerbaar wees sodat wetlike beskerming geniet kan word.

ENIGE 5x2=10**VORME VAN HANDELSMERKE**

- VERVAARDIGER'S HANDELSMERK √
Bv. Pick & Pay se no- name produkte (eie- produkte) √√

INDIVIDUELE HANDELSMERKE √√

- Die vervaardiger eie produkte elkeen 'n afsonderlike handelsmerk gee bv. Fanta.

ENIGE**2x3=6****GEVOLGTREKKING**

Die voordele van handelsmerke en verpakking aan beide die kleinhandelaar en verbruikers of enige andertoepaslike kommentaar.

2 punte

INSIG**Struktuur / Uitleg:**

Ingesluit die inleiding, bespreking en gevolgtrekking 2

Analise / interpretasie / opeenvolging:

Leerdere se vermoë om die vraag op te breek en te wys dat hulle die vraag verstaan. 2

Sintese

Relevante inligting in die antwoord 2

Huidige tendense:

Spesifieke produkte / voorbeelde hoe verpakking en handelsmerke beide die kleinhandelaar en verbruiker ondersteun of enige relevante informasie 4
10

INDELING VAN VRAAG

| | | VERMINDER TOT |
|--------------------------------|----------|-----------------|
| Inleiding | Maks. 2 | 2 maks. |
| VERPAKKING | | 18 MAKS. |
| Doel van verpakking | Maks. 4 | |
| Vereistes van verpakking | Maks. 10 | |
| Vorme / soorte verpakking | Maks. 12 | |
| HANDELSMERKE | | 18 MAKS. |
| Belangrikheid van handelsmerke | Maks. 10 | |
| Vereistes van handelsmerke | Maks. 10 | |
| Vorme van handelsmerke | Maks. 6 | |
| | | |
| Gevolgtrekking | Maks. 2 | 2 MAKS. |
| MAKSIMUM | 40 punte | 40 punte |

| | |
|--------|----|
| FEITE | 40 |
| INSIG | 10 |
| TOTAAL | 50 |
| | |

VRAAG 5 : ALGEMENE BESTUUR

Die Lyn organisasiestruktuur en die Funksionele organisasiestruktuur.

INLEIDING

Defenisie van Organisasie-(verspreiding van werk en wie is vir wat verantwoordelik.)
Tipes Organisasiestrukture - lyn / lyn en staf / funksionele / projek / matrix.

MAKS 4

Die Lyn Organisasiestruktuur

Kenmerke


- Dit is die oudste en mees natuurlikste organisasiestruktuur. √√
- Ondergeskiktes ontvang hulle opdragte van hul onmiddellike hoof.
- Opdragte word deur die onmiddellike hoof gegee.
- 'n Toesighouer is slegs vir 'n aantal werkers verantwoordelik (spanwydte van leiding is binne perke)
- Die gesag en verantwoordelikheid van die opdraggewer is duidelik afgebaken.

ENIGE 3X2=MAX6

Diagram van die Lyn organisasiestruktuur

Maks 4

LYNSTRUKTUUR



Voordele

1. Eenvoudig en maklik verstaanbaar vir almal. √√
2. Een baas gee opdragte wat verwarring uitskakel.
3. Gesag en verantwoordelikheid in elke afdeling is maklik bepaalbaar.
4. Vinnige besluitneming en optrede moontlik.

ENIGE 3X2=6

Nadele

1. Ondoeltreffend wanneer die onderneming groot word. √√
2. Topamptenare kan geleidelik oorlaai word met bestuur.
3. Koördinasieprobleme lei tot ondoeltreffende bestuur.
4. Topamptenare ontwikkel tot sleutelmannen en wanneer hulle bedank ontstaan probleme.


ENIGE 3X2=6

2. **Die funksionele organisasiestruktuur.**

Kenmerke

- * Die kundigheid van deskundiges tot alle werkers laat deurdring. √√
- * Taak van toesighouers verlig.
- * Taak wat werkers verrig meer afbaken en beter arbeidsverdeling verkry.

ENIGE 2X2=MAKS 4



MAKS 4

VOORDELE

- Groter spesialisasieword verkry. √√
- Werkers word vinniger opgelei.
- Minder bekwame werkers wat laer salarisse verdien kan vir afgebakende werk gebruik word.
- Geen oormaat van gesag aan enkele persoon nie. **ENIGE 3x2=6**

NADELE

- Spanwydte van leiding is te groot. √√
- Geen eenheid van bevel nie.
- Koördinasieprobleme.

GEVOLGTREKING

Die keuse van die organisasiestrukture √√ wat aandui hoe die produktiwiteit van werkers verbeter. √√ **(2 redes)** **MAKS 6**

| | |
|--|-----------|
| INSIG | |
| Struktuur / Uitleg: | |
| Ingesluit die inleiding, bespreking en gevolgtrekking | 2 |
| Analise / interpretasie / opeenvolging: | |
| Leeders se vermoë om die vraag op te breek en te wys dat hulle die vraag verstaan. | 2 |
| Sintese | |
| Relevante inligting in die antwoord | 2 |
| Huidige tendense waar ondernemings hierdie strukture gebruik: | |
| Ten minste een voorbeeld by beide strukture | |
| Enige relevante inligting | |
| Huidige tendense- plat hierargiese struktuur. | |
| Enige ander relevante inligting | 4 |
| | <u>10</u> |

INDELING VAN VRAAG

| | | VERMINDER NA |
|--------------------------------|-----------------|--------------|
| Inleiding | MAKS 4 | 4 |
| Lynorganisasie | | 18 |
| Kenmerke | MAKS 4 | |
| Diagram | MAKS 4 | |
| Voordele | MAKS 6 | |
| Nadele | MAKS 4 | |
| Funksionele organisasie | | 18 |
| Kenmerke | MAKS 4 | |
| Diagram | MAKS 4 | |
| Voordele | MAKS 6 | |
| Nadele | MAKS 4 | |
| Gevolgtrekking | MAKS 4 | 6 |
| MAKSIMUM | 40 PUNTE | 40 |

| | |
|---------------|-----------|
| FEITE | 40 |
| INSIG | 10 |
| TOTAAL | 50 |

AFDELING C**VRAAG 6: ONDERNEMINGSVORME**

6.1.1 i) Limpopo Meubileerders Bpk. ✓✓

ii) Verkoop sitkamerstelle aan verbruikers

iii) Beperkte Aanspreeklikheid

iv) 100 000 Gewone Aandele van R20 elk = R 2 000 000 **4X2=8**

6.1.2 i) Statuut ✓✓

ii) Prospektus

iii) Sertifikaat om met sake te begin **3X2=6**

6.1.3 i) Horisontale Amalgamasie ✓✓

Beide ondernemings verkoop meubels. ✓✓ **2x2=4**6.1.4 ii) Redes vir samesmelting en voordele

- Die vinnige groei van 'n maatskappy kan meebring dat aandeelkapitaal dringend vergroot moet word. ✓ Dit kan bewerkstellig word deur meer aandele uit te reik of met 'n bestaande maatskappy saam te smelt. ✓✓
- Ongunstige bedryfsresultate, bv. aanhoudende verliese, kan 'n maatskappy dwing om sy aandeelkapitaal te verminder of 'n reorganisasie na onderhandelings met sy aandeelhouers en skuldeisers uit te voer. Dit kan tot samesmelting met 'n ander maatskappy lei en na alle waarskynlikheid die ongunstige bedryfsresultate in gunstige (wingsgewende) bedryfsresultate te omskep.
- 'n Kapitaalkragtige maatskappy kan dit ekonomies voordelig vind om 'n wankelende maatskappy in dieselfde produksie- of handelsvertakking oor te neem deur saam te smelt, bates teen gunstige pryse te verkry en beheer oor te neem.
- Twee sterk maatskappye wat dieselfde produksie- of handelsbedrywighede beoefen, kan saamsmelt om 'n monopolie in dié besondere vertakking te bewerkstellig. Sodoende word mededinging tussen hulle uitgeskakel en kan die nuwe maatskappy kragtiger meeding met ander maatskappye wat dieselfde bedrywighede beoefen.
- Samesmelting kan die risiko verlaag, aangesien die verskillende maatskappye wat saamgesmelt het, onafhanklike regspersone is, met die gevolg dat die verpligtinge van die een maatskappy los staan van die verpligtinge van die ander maatskappy(e) en die risiko daardeur versprei word.
- VERHOOG EFFEKTIWITEIT: Die verhoging in volume lei tot 'n verlaging in bedryfskoste per eenheid. Optimale benutting van aankoop en verkooppersoneel. Duplisering word uitgeskakel.

- **VERSEKER BRONNE:**Die deurlopende aanbod van grondstowwe word verseker. Veral baie skaars hupbronne. Produksie verloop glad sonder enige onderbrekings.
- **VERBETER MEDEDINGING:**Gapings in die produktereeke word gevul. Gapings in die verspreidingsproses word gevul. Mededinging kan selfs uitgeskakel word.
- **FINANSIËLE REDES:**Wanneer ondernemings 'n geldtekort het(aanvulling) Samesmeltings is goedkoper as lenings. Aandele word vir bates ingeruil.

ENIGE 4X3=12

6.2

| KENMERKE | VENNOOTSKAPPE | BESLOTE KORPORASIE |
|----------------------------|--|---|
| Getal lede | 2 tot 20 lede √√ | 1 tot 10 √√ |
| Bestuur | Verkose vennote soos in die ooreenkoms aangedui | Al die lede. |
| Oprigtingsprosedure | Mondelings of geskrewe ooreenkoms tussen lede | 'n Stigtingsverklaring moet voltooi word. |
| Naam van die onderneming | Enige naam soos ooreengekom | Moet met B.K. eindig. |
| Regspersoonlikheid | Geen (dit setel in sy lede) | Het sy eie regspersoon, onafhanklik van sy lede. |
| Belasting | Geen. Vennote betaal belasting op die inkomste wat hulle verkry. | Betaal belasting op winste volgens die belastingskaal. Lede betaal volgens inkomste.(salaris) |
| Verdeling van winste | Soos in die vennootskapskontrak aangedui. | Word verdeel volgens die belang wat lede het soos in die stigtingsverklaring aangedui. |
| Voortbestaan | Geen of Beperk. Indien 'n lid sou sterf of uittree dan ontbind die vennootskap. | Het 'n onbeperkte voortbestaan solank daar een lid is. |
| Verkoop van lede se belang | Die vennote moet toestemming verleen. Die vennootskap ontbind ook en 'n nuwe een moet gevorm word. | Ander lede moet toestemming verleen. Dit is nie nodig dat die BK ontbind nie. |

ENIGE 5 X 2 x 2=20

| VRAAG | PUNT |
|---------------|-------------|
| 6.1 | 30 |
| 6.2 | 20 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 7: FINANSIËLE FUNKSIE**7.1.1 Verhouding tussen Eie en Geleende kapitaal.**

$$\begin{array}{rcl} \text{Eie kapitaal} & = & \text{R } 200\,000 \text{ (Gewone aandele)} \\ & & + \text{R } 150\,000 \text{ (Voorkeur aandele)} \\ & & \underline{\text{R } 350\,000} \quad \checkmark \end{array}$$

$$\begin{array}{rcl} \text{Geleende Kapitaal} & = & \text{R } 85\,000 \text{ (Verbandlening)} \\ & & + \text{R } 15\,000 \text{ (Skuldbriewe)} \\ & & \underline{\text{R } 90\,000} \quad \checkmark \end{array}$$

$$\text{R } 350\,000 / \text{R } 90\,000 \quad \checkmark = 3.89 : 1 \quad \checkmark$$

Kommentaar

Dit is te hoog $\checkmark\checkmark$ Die norm is 2:1. \checkmark
 Enige ander aanvaarbare kommentaar

**INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, GEE VOLPUNTE AAN KANDIDATE.
 ANDERSINS MOET DIE VRAAG SOOS AANGEDUI GEMERK WORD VIR DIE
 VERSTAAN VAN DIE KONSEPTE EN PROSEDURE.**

| | |
|-----------------------|----------------|
| NB: BEREKENING | 4 PUNTE |
| KOMMENTAAR | 3 PUNTE |
| TOTAAL | 7 PUNTE |

**7.1.2 BEDRYFSKAPITAAL VERHOUDING
BEDRYFSBATES / BEDRYFSLASTE
 R 92 000 \checkmark / R 20 000 \checkmark = **4.6 : 1** \checkmark**

**GEE VOLPUNTE INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, ANDERSINS GEE
 PUNTE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE KONSEP EN DIE PROSEDURE SOOS
 AANGEDUI.**

ADVIES :

Ja, die onderneming sal sy korttermyn verpligtinge kan nakom. \checkmark
 Die norm is 2:1 \checkmark
 Gebruik die kapitaal vir meer produksie / Betaal die skulde $\checkmark\checkmark$

| | |
|------------------------|----------------|
| NB: BEREKENINGE | 3 PUNTE |
| ADVIES | 4 PUNTE |
| TOTAAL | 7 PUNTE |

7.1.3 VUURPROEFVERHOUDING:

$$R\ 92\ 000 - R\ 36\ 000 = R\ 56\ 000\sqrt{\quad} / R\ 20\ 000\sqrt{\quad} = 2.8:1\sqrt{\quad}$$

GEE VOLPUNTE INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, ANDERSINS GEE PUNTE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE KONSEP EN DIE PROSEDURE SOOS AANGEDUI.

IMPLIKASIES EN ADVIES

Die verhouding is te hoog, Norm is 1:1 $\sqrt{\quad}$

Die onderneming het te veel kapitaal in voorraad belê $\sqrt{\quad}$

Hulle moet minder voorraad dra. $\sqrt{\quad}$

| | | |
|------------|--------------------|----------------|
| NB: | BEREKENINGE | 3 PUNTE |
| | ADVIES | 3 PUNTE |
| | TOTAAL | 6 PUNTE |

7.2 DRIE VOORDELE VAN KREDIETHANDEL

- Die handelaar het baie meer klandisie $\sqrt{\quad}$ en sy omset is dus groter ten spyte van die feit dat sy winsgrens laer kan wees. $\sqrt{\quad}$ Hy trek 'n groot aantal salaris- en loontrekkers wat goeie betalers is, dog eers aan die einde van die maand kan betaal. Baie mense kan ook nie groot items soos meubels, videomasjiene of yskaste koop tensy hulle die kans gebied word om dit maandeliks af te betaal nie.
- Wanneer die handelaar krediet toestaan, is hy daarop geregtig om 'n hoër prys vir sy goedere te laat betaal om te vergoed vir die risiko wat hy loop, asook om rente vir uitgestelde betaling te vra.
- Deur krediet toe te staan, wen die handelaar die goeie gesindheid en lojaliteit van klante. Hulle word gereelde ondersteuners van die onderneming en is nie toevallige kopers wat rond en bont koop nie.
- As klante goedere nodig het, kan hulle dit nou koop en later betaal.
- Boere word in staat gestel om saad, gereedskap en ander benodigdhede aan te koop, meer te produseer en na die oes te betaal.
- Kredietverlening lei tot 'n uitbreiding van die handel, groter landbou- en fabrieksproduksie en gevolglik meer werkgeleenthede en minder werkloosheid.

ENIGE3X3=9

| | |
|-----------------|----------------|
| NOEM | 1 PUNT |
| BESPREEK | 2 PUNTE |

7.3 DRIE NADELE VAN VOORRAADVORMING

- Risiko van brand, diefstal, ens. √√
- Verouderingsprobleem.
- Prysskommelings wat laer neig as die aankoopprys.
- Baie bedryfskapitaal word benodig vir belegging in voorraad

ENIGE 3X2=6

7.4 SOORTE VOORKEURAAANDELE

- KUMULATIEWE VOORKEURAAANDELE √
Houers van die soort aandele kry jaarliks 'n vaste persentasie dividend
Indien daar nie genoeg wins is nie kan dit tot die volgende jaar
aangesuiwer word. √√
- GEWONE VOORKEURAAANDELE
Houers van die aandele ontvang hulle dividende eerste, maar net vir 'n
spesifieke jaar.
- DEELNEMENDE VOORKEURAAANDELE
Hulle ontvang hulle normale dividende en deel ook in die oorskotwins
indien daar nog wins oorgebly het.
- Nie-Kumulatiewe voorkeuraandele
Hulle verbeur hulle reg op vorige jaar se winste.
- Veranderlike (convertible), omvormbare kumulatiewe voorkeuraandele
Hierdie lede kan van 'n voorkeuraandeel na gewone aandeelhouers
oorskakel.
Dit kan gedoen word na 'n spesifieke tyd. (Sekere voorwaardes geld.)
- Aflosbare voorkeuraandele
Kry 'n vasgestelde persentasie dividend maar is aflosbaar na 'n sekere
tyd.

**NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE**

Enige 3X3=9

7.5 **DRIE faktore wat die premie van brandversekering bepaal.**


- Aard van goedere/gebou bv. premie op 'n hout gebou is hoër as betongeboue.
- Beskikbaarheid/afwesigheid van brandblussers, brandweer in omgewing.
- Aard van geboue in omgewing bv. nabygeleë petrolstasies.

3X2=6

| VRAAG | PUNT |
|---------------|-----------|
| 7.1 | 20 |
| 7.2 | 9 |
| 7.3 | 6 |
| 7.4 | 9 |
| 7.5 | 6 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 8 BEMARKINGSFUNKSIE

8.1.1 **KANAAL**



3 punte

8.1.2 **VIER Redes waarom Adri van die direkte verkoopsmetode gebruik maak**

- Wenslikheid om die fabrikate te demonstreer, √ gespesialiseerde naverkoopdienste te lewer en ingewikkelde verkooponderhandelinge self te behartig. √√
- Onwilligheid van groothandelaars, kleinhandelaars en agente om die verkope van 'n bepaalde fabrikaat afsonderlik te bevorder.
- Onvermoë van die fabrikaat om self groot- en kleinhandelaars te oorreed om sy fabrikate te bemark.
- Onbillike hoë winsgrense waarop groot- en kleinhandelaars en agente soms aandrang.
- Onvermoë van middelman om die fabrikate na die verbruiker te vervoer

**NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE**

ENIGE4X3=12

8.1.3 JA ✓

Groter volume van verkope of enige relevante antwoord. ✓✓

OF

NEE ✓

Sy sal haar wins met ander moet deel of enige relevante antwoord. ✓✓

3 punte

8.1.4

Metodes van beheer oor kleinhandelaars**Alleenagentskappe ✓**

Fabrikante sluit 'n kontrak met die groothandelaar waarvolgens hy alleenreg kry om produk in 'n bepaalde gebied te verkoop, bv motorhandel.

Hy ontvang 'n kommissie op soortgelyke goedere indien iemand anders dit in sy gebied verkoop.

Hy mag nie soortgelyke goedere van 'n ander fabrikant in daardie gebied verkoop nie. Pryse soos deur die fabrikant voorgeskryf moet gehandhaaf word. ✓✓

Die kontrakstelsel of prysbinding

Kleinhandelaar onderteken 'n kontrak waarin hy onderneem om die goedere teen vasgestelde pryse te verkoop.

Indien hy die kontrak nakom ontvang hy 'n spesiale korting, indien nie word hy op 'n swartlys geplaas en ontvang geen verdere voorraad nie.

Finansiële beheer

Fabrikante betaal die handelaar se lisensie, besit die gebou of skiet aan hom die geld voor – sodoende kry hy 'n houvas op hom.

Voorbeelde – bierbrouery finansier hotelle en drankwinkels.

Oliemaatskappye finansier vulstasies.

Die handelaar word nou gedwing om net die spesifieke fabrikant se produkte te verkoop.

NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2PUNTE
3x2=6

8.1.4 i) **Normale handelspraktyke**

- Dit is bv. normale praktyk by sommige handelaars om 'n kontantafslag van 10% te gee. √√
- By die vasstelling van pryse van matte moet dit in berekening gebring word, sodat hierdie afslag geabsorbeer kan word. √√

4 punte

ii) **Aard van die vraag**

- Die vraag na matte soos ander luukse produkte is elasties √√ omdat kopers die produk nodig het en die prys soos gevra sal betaal √√

4 punte

8.2 **PUBLISITEIT**

- Die vraag na die produk word op 'n onpersoonlike wyse d.m.v. nuus aan uitgewers bv. Koerante gegee. √√
- Gunstige verslag oor die radio en televisie word verkry en waarvoor jy nie betaal nie
- Ondernemings wil graag vrye publisiteit verkry waar hulle onderneming en produk se beeld bevorder word
- Publisiteit het groter nuuswaarde en kredietwaardigheid as advertensies en kan daarom baie effektief gebruik word as dit reg hanteer word.
- Die publisiteit kan baie gunstig en positief wees.
- Aan die ander kant kan publisiteit negatief en skadelik wees indien sake verkeerd ontwikkel.
- Hoë graad van geloofwaardigheid. Verslag oor produkte en dienste in die media het 'n groter geloofwaardigheid as advertensies.

ENIGE3X2=6

8.3 **VEREISTES VAN 'N GOEIE ADVERTENSIE**

- * **Aandag trek** √√
Die ontwerp, kleur en illustrasie moet die aandag van verbruikers trek √
- * **Belangstelling wek**
Die leser of kyker moet oortuig wees dat die produk vir hom van waarde sal wees en in sy behoeftes sal voorsien.
- * **Begeerte ontstaan om die produk te besit:**
Die aandag van die verbruiker moet behou word totdat die begeerte ontstaan om die produk te besit.

* **Lei tot optrede**

Moet so oortuigend wees dat die persoon die produk sal koop.

4 x 3 = 12

| VRAAG | PUNT |
|--------|------|
| 8.1 | 32 |
| 8.2 | 6 |
| 8.3 | 12 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 9 : PRODUKSIE FUNKSIE**9.1.1 PRIMÊRE KOSTE****DIREKTE MATERIAALKOSTE**

8 000 EENHEDE X R 3.00 per EENHEID = R 24 000 √√

DIREKTE ARBEIDSKOSTE = $\frac{R\ 16\ 000}{R\ 40\ 000}$ √√

(6 punte)

GEE VOLPUNTE INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, ANDERSINS GEE PUNTE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE KONSEP EN DIE PROSEDURE SOOS AANGEDUI.

9.1.2 BOKOSTE

R 6000 √+ R 400 √+ R 30 000 √+ R 1 100 √ = R 37 500 √√

(6 punte)

GEE VOLPUNTE INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, ANDERSINS GEE PUNTE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE KONSEP EN DIE PROSEDURE SOOS AANGEDUI.

9.1.3 TOTALE KOSTE

R 40 000 √+ 37 500√ = R 77 500 √√

(4)

GEE VOLPUNTE INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, ANDERSINS GEE PUNTE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE KONSEP EN DIE PROSEDURE SOOS AANGEDUI.

(4)

9.1.4 **EENHEIDSKOSTE**

$$R 77\,500 / 200 \sqrt{\sqrt{}} = R 387.50 \sqrt{\sqrt{}}$$

(4)

GEE VOLPUNTE INDIEN DIE ANTWOORD KORREK IS, ANDERSINS GEE PUNTE VIR DIE VERSTAAN VAN DIE KONSEP EN DIE PROSEDURE SOOS AANGEDUI.

9.1.5 JA. $\sqrt{\sqrt{}}$

Daar is 'n elektrisiteitstekort in S.A. 'n Klein bedlampie sal minder elektrisiteit gebruik as 'n groot lig. $\sqrt{\sqrt{}}$ of enige ander relevante antwoord

OF

NEE. $\sqrt{\sqrt{}}$

Elektrisiteit kortsluitings. Voorkom onnodige elektriese aparate in huise $\sqrt{\sqrt{}}$ of enige relevante antwoord.

(4)

9.2.1 **MASSAPRODUKSIE** $\sqrt{\sqrt{}}$

Groot hoeveelheid lekkergoed word ononderbroke geproduseer of eendoelige masjinerie word gebruik om lekkergoed te produseer of enige relevante antwoord. $\sqrt{\sqrt{}}$

(4)

9.2.2 **VOORDELE VAN MASSAPRODUKSIE**

- * Laer produksiekoste per eenheid $\sqrt{\sqrt{}}$ voordeel van die wet op toenemende opbrengs geld. $\sqrt{\sqrt{}}$
- * Voorraadhoudingskoste per eenheid is laag sodat minimum berguimtes nodig is.
- * Arbeidsverdeling verseker 'n hoër graad van behendigheid deur werkers.
- * Minimum ledige tyd vir werkers en masjiene.
- * Hantering van materiaal word beperk.
- * Produksiebeheerproses word vereenvoudig.
- * Minimum bedryfskapitaal belê in voorraad omsetsnelheid hoog is.
- * Gereedskap en produkonderdele word vasgelê; (gestandaardiseer) dié eenvormigheid lei tot vinniger en goedkoper produksie.

**NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE
ENIGE 4X3=12**

OF

9.2.1 REEKSPRODUKSIE

'n Sekere verskeidenheid lekkergoed word geproduseer op een slag bv. ALL SHORTS en dan TOFFIES (4)

9.2.2 VOORDELE VAN REEKSPRODUKSIE

- Daar is 'n groter buigsaamheid in die hoeveelheid wat geproduseer word asook die uitleg van die fabriek en die toerusting. √√
- Onderbrekings a.g.v. brekasies kan voorkom word.
- Die masjiene wat gebruik word is baie goedkoper as massaproduksie.
- Die verandering in vraag kan makliker voorkom word.

**NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE**

ENIGE 4 x 3 = 12

9.3 VYF VEILIGHEIDSMATREËLS IN 'N FABRIEK

- Higieniese aspekte vir die werkers se behoeftes soos ablisiegeriewe/ventilasie en beligting. √√
- Fabriek se veiligheidsmaatreëls om ongelukke te voorkom.
- Beskerming van werkers teen masjiene - beskermende klere.
- Bewaring van die omgewing - geen storting van afval materiaal en giftige gasse nie.
- Algemene sekuriteit en veiligheid - Veiligheidswagte en hekke.

Enige 5x2=10

| VRAAG | PUNT |
|---------------|-----------|
| 9.1 | 24 |
| 9.2 | 16 |
| 9.3 | 10 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 10: DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING**10.1.1 S A R B - Beheer krediet en die hoeveelheid geld in omloop**

- Deur sy diskontobeleid ✓
 - Hy verhoog of verlaag die rentekoers waarteen hy wissels herdiskonteer
 - Verhoging van die koers ontmoedig handelsbanke om wissels te herdiskonteer
 - So verminder hulle kontantreserwes en kan hulle minder krediet toestaan
 - Op dié manier word ongesonde uitbreiding en inflasie teengegaan ✓✓
 - Verlaging van die koers moedig banke aan om wissels te herdiskonteerSodoende kan hulle meer krediet toestaan; daar kom meer geld in omloop en die landseksonomie word gestimuleer.
- Deur sy opemarktransaksies
 - Die Reserwebank verkoop staatseffekte en ander waardepapier op die ope mark in tye wanneer oormatige krediet toegestaan word en die landseksonomie oorverhit raak
 - Op dié manier onttrek hy geld na sirkulasie en neem oormatige besteding, veral aan verbruikersgoedere, af.
- Deur die vermindering of –meerdering van die persentasie kontantreserwes wat geldinstellings by die Reserwebank moet hou
 - Wanneer die persentasie verhoog word, word meer geld aan die banke en ander finansiële instellings onttrek en hulle word verplig om krediet in te kort.
 - Verlaging van die persentasie het die teenoorgestelde uitwerking
 - Op dié wyse word die hoeveelheid geld in omloop in 'n mate beheer.
- Verkryging, prosessering en interpretasie van Ekonomiese Statestieke
Dit vorm die basis vir sy eie beleid en optrede ook vir ander finansiële instellings soos banke.
- Formulering en implementering van monetêre en wisselkoersbeleid
Die SARB is verantwoordelik vir die formulering en die uitvoering van die monetêre en wisselkoersbeleid.

**NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE**

Enige 5x3=15

10.2 THE JOHANNESBURGSE SEKURITEITEBEURS (JSB)

1. Dien as belangrike skakel tussen belegger en bedryfsleier. ✓
Beleggers moet die vertrouwe hê om op die JSB te belê. ✓✓
2. Moedig en help 'n persoon wat op kleinskaal kan belê aan om ook 'n aandeel in sy land se handel en nywerheid te hê.
3. Help geldinstellings soos bougenootskappe en versekeringsmaatskappye om hul fondse in aandele te belê.
4. Verskaf 'n groot mate van beskerming aan die belegger weens streng noteringsvereistes
5. Maatskappye se aandele word deur 'n groot aantal kenners na waarde geskat.
6. Aandelepryse word daagliks gepubliseer wat beleggers en voornemende beleggers op hoogte hou oor pryse.
7. 'n Sensitiewe barometer van ekonomiese toestande.

NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE

ENIGE 5X3=15

10.3 DIE WETENSKAPLIKE NYWERHEIDS- EN NAVORSINGSRAAD (WNNR)

- * Om wetenskaplike en nywerheidsnavorsing in die RSA ✓✓
te onderneem en te bevorder. ✓
- * Om die minister van Handel en Nywerheid van raad te bedien oor navorsing belang van die Suid-Afrikaanse handel en nywerheid.
- * Om saam met die onderwysowerhede en ander organisasies onderrig in die wetenskap, asook die opleiding van navorsers en tegnoloë, te bevorder.
- * Die ontwikkeling van menslike hulpbronne. Dit sluit in personeelnavorsing, opleiding van personeel, opleidingfasiliteite, ens.
- * Die ontwikkeling van materiële hulpbronne. Dit sluit in navorsing t.o.v. produksiemetodes, produksieverbetering, ens.
- * Die ontwikkeling van gemeenskapsdienste. Dit sluit in navorsing oor behuising, voeding, lugbesoedeling, waterbenutting, ens.
- * Die ontwikkeling van nasionale dienste. Dit sluit in navorsing oor vervoerdienste, kommunikasiemiddele, ens. (infrastruktuur).

NOEM 1 PUNT
BESPREEK 2 PUNTE

ENIGE 4X3=12

10.4 SAKEKAMERS

1. Die bevordering van handel in hulle dorp of stad. √√
2. Om as arbiter op te tree in geskille tussen lede.
3. Om onbillike medediging te probeer uitskakel.
4. Om nuwe wette, regulasies ens. te bestudeer en dit dan onder die aandag van lede te bring.
5. Om eenvormigheid te verkry wat betref winkellure, lone en pryse.
6. Om te argiteer vir munisipale regulasies en wetgewing wat in die handelaar se voordeel is.
7. Om 'n swartlys van slegte betalings op te stel.

Enige 4x2=8

| VRAAG | PUNT |
|---------------|-----------|
| 10.1 | 15 |
| 10.2 | 15 |
| 10.3 | 12 |
| 10.4 | 8 |
| TOTAAL | 50 |

VRAAG 11: ALLERLEI**11.1 INHOUD VAN DIE STIGTINGSVERKLARING**

- Naam van die Beslote Korporasie met hoofletters BK aan die einde. √√
- Geregistreerde kantoor se posadres.
- Name en identiteitsnommers van lede (Belanghebbendes).
- Besonderhede van elke lid se bydrae tot die kapitaal.
- Besonderhede van ledebelange uitgedruk as 'n persentasie.
- Datum van die einde van die finansiële jaar.
- Naam en adres van rekeningkundige beampte (Boekhouer / Ouditeur)
- Samewerkingsooreenkomste tussen die lede.

ENIGE 5X2=10**11.2 BEGINSELS VAN REKLAME**

- * Slegs gehalte goedere moet geadverteer word. √√
- Diepgaande kennis oor die oorsprong, kwaliteit en eienskappe van goedere is noodsaaklik.
- 'n Opvallende ontwerp, kenmerk of slagspreuk b.v. oorpakke van petroljoggies.
- Foutiewe/vals inligting moet vermy word – produkte moet oor geadverteerde eienskappe beskik.
- Mededingers mag nie gekritiseer of in 'n swak lig gestel word nie.

- Die keuse van die soort advertensie en advertensiemedium moet sodanig wees dat dit die doelklante bereik, bv. Skoonheidsmiddele in vrouetydskrif.
- Advertensies moet eenvoudig, sonder lang verduidelikings, en aantreklik, kleurrik en humoristies wees.
- * Advertensiekoste moet so laag as moontlik gehou word.

ENIGE 5x2 = 10

11.3 VOORDELE VAN VOLDOENDE KONTANT

- Verpligtinge kan maklik nagekom word, wat die kredietwaardigheid verhoog. √√
- Kontantbetalings kan lei tot kontantkorting.
- Gunstiger leningsvoorwaardes.
- Verhoog onderneming se doeltreffendheid.
- Vereffen bedryfsuitgawes op voordelige tye.
- Benut winsgewende geleenthede.
- Belê surplus kontant op die korttermyn.

ENIGE 5X2=10

11.4 VOORDELE VAN SENTRALISASIE

- Werksmetodes en prosesse is meer eenvormig . √√
- Duplisering word grootliks uitgeskakel
- Minder gedupliseerde dokumente en afskrifte
- Werkprosesse kan vereenvoudig en gestandaardiseer word
- Gedurende spitstye kan werk makliker afgehandel word
- Die spesialisering in kantore lei daartoe dat arbeid makliker verdeel kan word

ENIGE 5X2 = 10

11.5 VOORDELE VAN 'N EENMANSAAK

- Maklik om te begin (Geen regsformaliteite) √√
- Geen ekstra uitgawes om te begin (Goedkoop)
- Vinnige en vrye besluitneming
- Eienaar doen ondervinding op in alle aspekte van die sakewêreld
- As eienaar al sy/haar vermoëns in die besigheid insit, baat hy/sy daarby
- Vertouensverhouding ontstaan tussen eienaar en kliënte/werknemers (Kliënte sal gereeld ondersteun/werknemers sal getrou wees)
- Baie eenmansake in 'n gebied lei tot gesonde kompetisie wat tot voordeel van die eienaar en die kliënte is
- Kan maklik by veranderde omstandighede aanpas

ENIGE 5X2=10

11.6 BELANGRIKE FAKTORE VAN MOTIVERING

- Sekuriteit. √√
- Redelike vergoeding.
- Erkenning (waardering) vir goeie werk.
- Belangstelling in die werker as mens.
- Goeie menseverhoudings.
- Menswaardige behandeling.
- Kommunikasie met mense.
- Sinvolle opdragte.
- Geleentheid tot selfverwesening.

ENIGE 5X2=10

11.7 BEGINSELS VIR EFFEKTIEWE BEPLANNING

- Beplanning moet buigsaam wees ten einde aan te pas by veranderde omstandighede. √√
- Moet sonder uitsondering altyd wetenskaplik wees en alle moontlike faktore ontleed en oorweeg word.
- Die metode en tegniek wat gekies word moet die geskikste wees vir die bepaalde taak of probleem.
- Omdat beplanning op verskillende vlakke plaasvind moet dit in 'n hiërargie van planne gekoördineer word.
- Realisties wees, met ander woorde uitvoerbaar en ekonomies.
- Daar moet die nodige balans in die beplanning van die werksaamhede op die verskillende vlakke wees, veral roetineplanne.
- Inligting oor al die planne moet deur 'n doeltreffende kommunikasiestelsel aan al die belanghebbendes oorgedra word.
- Die tydperk van vooruitbeplanning moet realisties wees en met ontwikkeling op alle fronte rekening hou.
- Die tydsberekening vir beplanning en die uitvoering daarvan is belangrik.
- Beplanning moet altyd in skrif wees.

ENIGE 5X2=10

| MERK SLEGS 5 VRAE | |
|------------------------------|----------------|
| VRAAG | PUNT |
| 11.1 | 10 |
| 11.2 | 10 |
| 11.3 | 10 |
| 11.4 | 10 |
| 11.5 | 10 |
| 11.6 | 10 |
| 11.7 | 10 |
| TOTAAL | 50 maks |

BEDRYFSEKONOMIE
HOËRGRAAD : MAART 2007
ANTWOORDBLAD

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|-------------------|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|
| EKSAMEN NOMMER | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|-------------------|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|

VRAAG EEN

1.1 BEANTWOORD ELKE VRAAG DEUR 'N KRUISIE (X) INDIE BETROKKE BLOKKIE TE PLAAS

| | | | | |
|---------------|-----|----------------------------------|-----|-----|
| 1.1.1 | A | B X $\sqrt{\sqrt{\sqrt{\quad}}}$ | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C X | D |
| 1.1.3 | A | B | C X | D |
| 1.1.4 | A X | B | C | D |
| 1.1.5 | A X | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C X | D |
| 1.1.7 | A | B | C X | D |
| 1.1.8 | A | B | C X | D |
| 1.1.9 | A | B | C X | D |
| 1.1.10 | A | B | C X | D |
| 1.1.11 | A | B | C | D X |
| 1.1.12 | A | B | C | D X |
| 1.1.13 | A | B | C | D X |
| 1.1.14 | A | B X | C | D |
| 1.1.15 | A | B | C | D X |
| 1.1.16 | A X | B | C | D |
| 1.1.17 | A | B X | C | D |
| 1.1.18 | A | B | C | D X |
| 1.1.19 | A X | B | C | D |
| 1.1.20 | A | B X | C | D |

20 X 3 = 60

| |
|--|
| |
|--|

1.2 WAAR OF VALS

| NOMMER | WAAR | VALS | KORREKSIE |
|--------|------|------|--|
| 1.2.1 | X √√ | | |
| 1.2.2 | | X√√ | GROORHANDELAAR √ |
| 1.2.3 | X√√ | | |
| 1.2.4 | X√√ | | |
| 1.2.5 | X√√ | | |
| 1.2.6 | | X√√ | SAKEKAMERS √ |
| 1.2.7 | | X√√ | REKENKUNDIGE REKORDS √ |
| 1.2.8 | | X√√ | SUID AFRIKAANSE BURO VAN STANDAARDE √ |

20

PUNTE

1.3 SKRYF DIE KORREKTE KONSEP NEER.

| | |
|-------|---|
| 1.3.1 | KOOPERATIEWE VEREENIGING √√ |
| 1.3.2 | BESLOTE KORPORASIE |
| 1.3.3 | SRORMSKADE / OMVATTENDE / HUISEIENAARSVERSEKERING. |
| 1.3.4 | REKLAME/ ADVERTENSIE |
| 1.3.5 | DENOTA OF SLUITNOTA |

5x2=10

PUNTE

1.4 SKRYF DIE NAAM NEER VAN DIE KORREKTE SPAN

| | |
|-------|-------------------------|
| 1.4.1 | ALGEMENE BESTUURSPAN √√ |
| 1.4.2 | FINANSIËLE-SPAN |
| 1.4.3 | BEMARKING-SPAN |
| 1.4.4 | ADMINISTRATIEWE-SPAN |
| 1.4.5 | DIE AANDEELHOUERS |

5X2=10

PUNTE

| | |
|--|----------------------|
| | 100 PUNTE |
|--|----------------------|